

n d .

Sampie Terreblanche

Ek het onlangs 'n konferensie in Kairo bygewoon en geleentheid gehad om heelwat van die stad te sien te kry. Dit is een van die grootste stede in die wêreld. Dit het 12 miljoen inwoners en elke dag kom 3 miljoen mense die stad van buite binne.

Terwyl ek daar was het twee idees voortdurend in my kop gedraai - die een het met Kairo se ruimtelike posisie te make en die ander met ou Egipte se beheptheid met tyd-en-ewigheid.

Komende van die Kaap het Cecil John Rhodes se idee om 'n spoorlyn van "Cape to Cairo" te bou nog altyd my verbeelding beetgepak. Die spoorlyn is deur hom as 'n eerste stap beskou van die omvangryke Britse imperialistiese planne om 'n "verenigde" Afrika deel van die Britse Ryk te maak.

Een ding het gou vir my duideliker as ooit geword: die man Rhodes moes 'n baie verbeeldingryke en ambisieuse man gewees het. Dit is in vandag se wêreld nogal moeilik om aan Afrika as 'n "verenigde" Britse kolonie te dink met Kaapstad as 'n suidelike en Kairo as 'n noordelike hoofstad daarvan.

Drome sterf egter nie so maklik nie. Die idee van 'n hefter georganiseerde **Organisasie van Afrika Eenheid (OAU)** waarvan Suid-Afrika 'n volle lid sal wees en waarin Suid-Afrika en Egipte sleutelrolle moet speel om die Donker Kontinent van ekonomiese ondergang te red, het in die jongste verlede weer sterk na vore getree. 'n Mens moet seker ernstig aandag gee aan die vraag of die nuwe "Cape to Cairo"-idee nie dalk meer realisties en (ekonomies) meer lewensvatbaar is as die imperialistiese idee van Rhodes nie.

Terwyl ek in Kairo rondgeloop het, het ek gou besef dat Egipte net so min 'n tipiese Afrika-land is as wat Suid-Afrika dit is. Suid-Afrika is sedert die 17de eeu as 'n "verlengstuk" van Wes-

Europa ontwikkel en word polities en ekonomies nog steeds deur blanke "Europiërs" beheer wat dit in vele opsigte bedryf asof dit 'n Eerste Wêreld-land is.

Gedurende die 16de eeu het Egipte 'n deel van die Ottomaanse Ryk geword en het dit vir eeue lank onder die beheer van die sultan van Turkye gestaan. Aan die einde van die 19de eeu het Egipte ook 'n soort Britse kolonie geword en in dié hoedanigheid redelike ekonomiese voorspoed behaal.

Die ontwikkelinge wat oor die afgelope 3 tot 4 eeue in Suid-Afrika en Egipte plaasgevind het, het tot gevolg gehad dat albei hierdie lande hulle gesig van Afrika weggedraai het - die een kyk nog steeds na die Westerse wêreld en die ander een sal seker vir altyd (met ten minste een oog) na die Arabiese wêreld bly kyk. Terwyl Suid-Afrika en Egipte steeds "wegkyk" van Afrika, is dit seker hoogtyd dat albei sal besef dat hulle - of hulle nou daarvan hou of nie - 'n integrale deel van die Afrika kontinent vorm.

Oor die mate waartoe Suid-Afrika en Egipte die res van Afrika nodig het vir hulle voorspoed en heil, kan 'n mens seker argumenteer. Maar as daar een ding is waaroor daar waarskynlik nie geargumenteer kan word nie, dan is dit dat die res van Afrika vir sowel Suid-Afrika as Egipte dringend nodig het vir sý reddingspoging.

Maar dit is juis hier waar die knoop lê. Beskik Suid-Afrika en Egipte enigsins oor die vermoë - in 'n Organisasie vir Afrika Eenheid wat van die Kaap tot Kaïro strek - om 'n wesenlike bydrae tot die ekonomiese redding en oorlewing van die res van Afrika te maak?

Ek dink ek het darem 'n redelik goeie idee van die ekonomiese potensiaal van Suid-Afrika. Ek het 'n vae idee gekry van die ekonomiese potensiaal waaroor Egipte beskik. Ek weet dat die res van Afrika baie slegter as Suid-Afrika en Egipte daaraan toe is.

Diegene wat dink dat Suid-Afrika en Egipte die res van Afrika - in 'n soort "verenigde" Afrika - van ekonomiese ondergang kan red, bedien hulle waarskynlik met 'n meer vergesogte en 'n meer ambisieuse idee as Cecil John Rhodes se "Cape to Cairo"-idee. Só 'n idee is darem te gek vir woorde.

Diegene wat so hoog opgee oor hoe Suid-Afrika die lokomotief vir ontwikkeling in Afrika kan word (met of sonder Egipte se deelname), speel met vuur. Sulke praatjies blaas die onrealistiese verwagting wat reeds bestaan, net verder aan.

Die verwagtings wat die res van Afrika omtrent 'n post-apartheid Suid-Afrika koester, ken blykbaar geen perke nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan het ek verlede jaar in New York ondervind. 'n Huurmotorbestuurder uit Marokko het - terwyl hy met helle vaart deur New York se straat gejaag het - sy hande triomfantlik in die lug gegooi toe hy hoor ek kom van Suid-Afrika, en uitgeroep "Africa's hope!"

Kom ons bou so gou die tyd daarvoor geleë is diplomatieke bande van "Cape-to-Cairo" sonder om vir 'n enkele oomblik grandiose idees te vertroetel oor hoe 'n "ontwikkelingsas" van die Kaap tot Kaïro Afrika ekonomies kan red. Die "C-to-C" misleiding van Rhodes was erg genoeg. Die "C-to-C" misleiding waaraan Pik Botha homself skuldig maak, kan veel erger blyk te wees.

Toe ek die storie van Rhodes se onvoltooide "C-to-C" spoorlyn by die Konferensie vertel, het 'n ANC afgevaardigde beweer dat die ANC in die dae van die "militêre-offensief" wel daarin geslaag het om 'n ondergrondse verbinding van "C-to-C" te bou. Of dit so was, weet ek nie. Eersdaags begin die SAL met 'n lugverbinding na Kaïro. Wie weet, dalk word Rhodes se spoorlyn van die Kaap tot Kaïro tog eendag gebou maar met meer beskeie motiewe.

In 'n gesprek wat die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes by die konferensie met die Egiptiese minister van buitelandse sake gevoer het, blyk dit dat Egipte ook graag verhoudings met 'n Nuwe Suid-Afrika sal wil normaliseer. Dit is egter gou duidelik dat die Egiptenare hulle nie aan die soort opportunisme waaraan Nigerië hom skuldig gemaak het, wil skuldig maak nie. Nogtans kyk hulle vooruit na goeie "C-to-C" verhoudings. 'n Droom sterf nie maklik nie.

DIE OU EGIPTENARE WOU TYD OORWIN

As daar een ding is wat deur al die besienwaardighede van ou Egipte in en rondom Kaïro gesimboliseer word, dan is dit die verskynsel van TYD en die pogings van die ou Egiptenare om TYD én die DOOD te oorwin sodat hulle na liggaam en gees ewigheid en onsterflikheid kon verwerf.

By die piramides van Gizeh staan 'n mens verwonder voor een van die grootste wonders van die mens se handewerk. As ekonoom wonder ek oor hoe ou Egipte se ekonomiese aktiwiteite georganiseer was om genoeg opofferings - of 'n groot genoeg surplus - van die arbeiders te "onttrek" om sulke grootse strukture te kon oprig. Oor een ding kan daar seker nie twyfel wees nie en dit is dat 'n sterk godsdienstige oriëntasie en 'n spontane bereidwilligheid om groot opofferings vir 'n "verre" toekoms te maak, 'n groot rol moes gespeel het om die arbeid wat vir die bou van die piramides te kon monster.

Die soort propaganda waaraan die ou Egiptenare blootgestel was, moes in terme van toekomsoriëntasie waarskynlik die teenpool gewees het van die "consumerism" waaraan vandag se mense blootgestel word. Indien die ou Egiptenare maar in die minste sou toegee aan die begeerte na vleeslike en sintuiglike genoegdoening in die onmiddellike toekoms, sou hulle na alle waarskynlikheid nie in staat gewees het om die opofferings te maak wat vir die bou van die "tydlose" strukture nodig was nie.

Die Egiptenare het oor die eeue die volgende oor hulle piramide te sê gehad: "Everybody fears Time but Time fears the pyramids". Maar helaas. Niks kan blykbaar die aanslag van Tyd weerstaan nie. 'n Week na ons 'n Hollywood-agtige "Sound and Light-show" by Gizeh bygewoon het, is dié piramides "gesluit" vir herstelwerk. Die pynlike opofferings van die "klipdraers" van ouds was ook tevergeefs - die Tyd het dit ook geagterhaal.

Maar benewens die piramides is daar in die Nasionale Museum in Kaïro baie voorwerpe te sien wat 'n aanduiding gee van ou Egipte se sterk religieuse oriëntasie. Herodotus was waarskynlik reg toe hy beweer het dat "the Egyptians are much more religious than the rest of mankind".

Terwyl ander ou beskawings benewens hulle religieuse geboue en voorwerpe ook dinge van 'n nie-religieuse aard nagelaat het, is dit bykans nie die geval in ou Egipte nie.

Van sowat 3200 v.C. tot 332 v.C. (toe Alexander die Grote Egipte verower het) het een en dertig dinastië in ou Egipte geheers. Elke van hierdie dinastië het op 'n eie manier deur beelde, tempels, mummies, graftombes en piramides hulle self probeer "verewig" en probeer om "onsterflikheid" te verwerf. 'n Mens staan verslae as mens kyk na al die voorwerpe wat simbolies (maar met groot sekerheid) die oorlewing van afgesterwenes in die "ander wêreld" weergee.

Een van die aangrypendste voorbeelde van simboliese "oorlewing" is 'n nuutontdekte ongebalseemde mummie van 'n jong vrou wat deur die direkteur van die museum aan ons gewys word waar dit in 'n agterkamertjie gehou word. Dit is sowat 4000 jaar oud. Dit is niks anders as 'n stuk menslike biltong nie. In 'n sekere sin het die vrou die Tyd oorwin - maar wat het van haar geword?

As iemand wat 'n goeie Bybelse opvoeding gehad het, kon ek nie anders as om gefasioneer na die Nyl te kyk nie. Ek wonder waar is Moses se wiegie weggesteek. Of is dit maar net 'n mooi verhaal?

Maar daar is 'n ander kenmerk van moderne Egiptiese "tyd" wat ek moet vermeld. Die konferensie was vrot georganiseer. Elke sessie van die konferensie en elke ander afspraak het minstens 'n uur te laat begin. In dié opsig vorm Egipte volledig deel van Afrika en lyk dit asof alles volgens Afrika-tyd geprogrammeer is - alles behalwe die verkeer wat roekeloos in die strate beweeg asof dit lank reeds 'n afspraak met Tyd misgeloop het en dit wil probeer inhaal.

Wanneer alles so teen Afrika-tyd gebeur, het ek opnuut besef dat baie van ons "Westerse" Suid-Afrikaners dit bitter moeilik gaan vind om in Afrika te "arriveer" en om by die "pas" van Afrika aan te pas... of is dit 'n geval dat ons "Westerse" Suid-Afrikaners dit moeilik gaan vind om die ander Suid-Afrikaners by ons pas te laat aanpas?